MARKUS

Francis Chan

moreleta kerk

Maart met Markus | **12 Maart 2023** | kringe@moreleta.co.za

Inleiding

Hierdie week wil ons verstaan dat ware dissipelmaking 'n intieme verhouding met Jesus Christus vereis.
Ons wil gemotiveerd voel tot gehoorsaamheid deur sy liefde, nie deur ons skuld nie. As ons geroep word, wil ons dit nie ligtelik opneem nie, maar ALLES kan los om vir Jesus te doen wat Hy van ons vra.
Ons wil elke aspek van ons lewens aan die Heilige Gees se transformerende werk oorgee.

Wenke vir leier

Maak seker jou kring verstaan hoe belangrik roeping vir die Here is.
As Hy ons roep, is dit 'n oomblik waar ons ook alles moet los om te fokus op die taak wat Hy vir ons gee.

Lees saam

Markus 1
Jesus begin preek.
14 Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig. **15** Hy het gesê: "Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie."
Jesus roep sy eerste dissipels
16 Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, het Hy vir Simon en Simon se broer Andreas gesien waar hulle besig was om werpnette in die see uit te gooi. Hulle was vissers van beroep. **17** Hy het toe vir hulle gesê: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak." **18** Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg.
19 Toe Hy 'n entjie verder gaan, het Hy vir Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes gesien waar hulle in die skuit besig was om hulle nette reg te maak, **20**en dadelik het Hy hulle geroep. Hulle het hulle pa, Sebedeus, net so saam met die loonarbeiders in die skuit gelaat en saam met Jesus gegaan.

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun of Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Markus materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?
Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035